Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 28/05 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Gelukwensings:**
   Baie geluk aan Marli van Zyl, matrikulant van 2020, met een van haar graad 12-skilderye wat in die nuutste uitgawe van die SA Artist-tydskrif verskyn.

2. **Skoolbywoning – graad 1- tot 9-leerders:**
   Ons sien daarna uit om vanaf Maandag, 31 Mei, al die graad 1- tot 9-leerders elke dag by die skool te kan hê.

3. **Langtafelaand: Vrydag, 28 Mei 2021:**
   Ongelukkig moes die skool die besluit neem om die Langtafelaand te kanselleer. Daar was ongelukkig te min belangstelling. Terugbetalings sal aan mense wat reeds kaartjies gekoop het, gedoen word. Die skool probeer op verskeie maniere om fondse in te samel. Ons vra dat u aanhou om ons projekte te ondersteun.

4. **Vroeë skoolsluiting: Maandag, 31 Mei:**
   Die skool sluit op Maandag, 31 Mei, om 12:00 vir alle leerders a.g.v. graad 12-SBA-moderering in Kareedouw. Periode 1-6 gaan gevolg word.

5. **Individuele foto's: Bestellings:**
   U kind(ers) het gedurende die week 'n bestelkoevert vir individuele foto's ontvang. Lees die bestelvorm voorop die koevert deeglik deur. Daar is verskeie bestelopsies om uit te kies. Merk u bestelling en sit die korrekte bedrag geld in die koevert. Bestellings word net so aan die fotograaf gegee. Bestellings moet voor of op 4 Junie geplaas en ingehandig word by u kind se registerklasonderwyser. U word nie verplig om 'n bestelling te plaas nie. Geen laat bestellings sal aanvaar word nie.

6. **Polisieprojek:**
   Baie geluk aan Elaine Coenraad wat as junior stasiekommissaris gekies is en Olivier Kritzinger wat as junior speurderkommissaris gekies is. Hulle het Donderdag, 20 Mei, aan 'n debat oor lyfstraf deelgeneem. Elaine het Vrydag, 21 Mei, aan 'n gesprek oor boelies deelgeneem. Dit het baie goed gegaan en sy is deur na die distrik "elections for junior commissioners" wat op 29 Mei te Port Alfred plaasvind.

7. **OOV-"Hamper"-projek:**
   Vir ons kwartaallikse fondsinsamelingsprojek gaan ons lootjies verkoop vir verskeie "hampers" wat gewen kan word. Grade word in groepe opgedeel en elke groep het 'n sekere "hamper" wat hulle uitloot.

herotel IGEN

Hierdie fondse is uiters noodsaaklik vir die voortbestaan van ons skool en ons vra dat elke ouer sal help om die projek 'n sukses te maak.

Die verskillende "hampers" per groep is as volg:

Graad 1 en 12:	Nie-bederfbare kos
Graad 2 en 11:	Skoonmaakmiddels
Graad 3 en 10:	Koekies en beskuit
Graad 4 en 9:	Sjokolade
Graad 5 en 8:	Skryfbehoeftes en "Arts & Crafts"
Graad 6 en 7:	Heerlike warm drankies (koffie, warm sjokolade, ens.)

Die idee is om by alle grade lootjies te koop en nie net die graad waarin u kind is nie.

"Hampers" bestaan uit die produkte wat deur die ouers van elke groep geskenk word. Daarom vra ons dat alle ouers ASSEBLIEF vir ons produkte soos teenoor u kind se graad aangedui is, sal skenk, sodat 'n fantastiese "hamper" opgemaak kan word. Stuur asseblief die produkte teen **28 Junie** saam met u kind skool toe.

Die klas wat die meeste lootjies verkoop, sal 'n geskenk wen.

8. **Bloedskenkings:**
   Ons opregte dank aan al die leerders in graad 10,11 en 12 wat bereid was om bloed op Dinsdag, 25 Mei, by die Joubertina NG Kerksaal te skenk. Die SA bloeddiens lewer uitstekende diens aan alle Suid-Afrikaners, en ek wil ook hulle bedank vir die vriendelike, professionele en empatiese manier waarmee hulle ons leerders van inligting voorsien en gehelp het. Ons moedig leerders en ouers aan om volgende keer in groot getalle op te daag om bloed te skenk.

9. **Astroquiz:**
   Ongelukkig kon ons skool nie eens een graad 7-span inskryf vir hierdie jaar se virtuele kompetisie nie. Die paar leerders wat wel belanggestel het, het onttrek. Al die leerwerk wat voorsien word, is in Engels alleenlik beskikbaar, wat 'n nadeel is vir Afrikaanssprekende leerders. Hierdie geleentheid was gratis vir graad 7. Kom ons moedig ons kinders aan om dapper te wees en deel te neem aan aktiwiteite buite die skool.

10. **Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021:**
    Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

11. **Aansoek om toelating – 2022:**
    Aansoekvorms is vanaf 1 Junie 2021 beskikbaar. Sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus 2021 – geen laat aansoeke sal aanvaar word nie. Skakel gerus mev. Daleen Strydom vir enige navrae. Graad 1-aansoeke is by die kleuterskole beskikbaar.

12. **VRL – Virtuele Talentkompetisie:**
    Die VRL bied 'n virtuele talentkompetisie van sang, dans, voordrag, groepsdanse, instrumente, ens. aan vir die laerskool- en hoërskoolleerders van Mei tot einde Junie aan. Daar is pryse vir elke ouderdomsgroep en kategorie.

    Leerders moet net self 'n selfoonopname van hulle inskrywing maak en instuur na die virtuele beoordelingspaneel van VRL-leiers.

herotel IGEN

Inskrywingvorms met ‘n R15-inskrywingsfooi kan by Johan Strydom (hoofleier) en Miencke Strydom (gr. 10 VRL-lid) ingegee word.

Whatsapp jou inskrywing dan na 065 9680 626. Wenners sal op 5 Julie bekend gemaak word.

13. **Covid-prosedure:**

Prosedure voor skool:

Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:

Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:30 – 12:40
3, 7, 8,12	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40
4, 5, 6, 9, 10, 11	**Klein hekkie** (De Waalstraat)	Klein hekkie (De Waalstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40

LET WEL: Die skuifhek sal NIE meer as in- of uitgang gebruik word nie.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit